HESSEQUA: 'N TOP VAKANSIEBESTEMMING VIR STRANDKAMPERING, HENGEL EN BOSSTAPROETES

Sakpas strandkampeergeriewe, hengel en grasgroen bosstaproetes – dit is wat die beeldskoon Hessequa aan besoekers bied hierdie vakansietydperk.

Die Hessequa-gebied bestaan uit die kusdorpe Witsand, Stilbaai, Jongensfontein en Gouritsmond en die avontuur binnelandse dorpe Heidelberg, Riversdal, Vermaaklikheid en Albertinia en is minder as 2-ure se ry vanaf Oudtshoorn via die aanskoulike Robinson Bergpas. Die gebied word gekenmerk deur haar wit strande, grasgroen natuurreservate, hengelplekke en uitdagende bergstaproetes.

Die Preekstoel- en Ellensrust-kampeerterreine en self-sorg fasiliteite is prakties op die strand geleë binne die kusdorp van Stilbaai. Die Preekstoel-kampeerterrein beskik oor 404 staanplekke en 16 ruim self-sorg eenhede. Dié kampeerterrein bied besoekers skoon en netjiese ablusie geriewe, goeie staanplekke en direkte toegang tot die Preekstoel-strand. Die **Ellensrust-kampeerterrein** is sentraal geleë en bied vakansiegangers 336 kampplotte en 21 ruim self-sorg eenhede. Hierdie kampeerterrein is ook na-aan die Goukourivier en gewilde Lappiesbaai Restaurant geleë en bied besoekers 'n familie-vriendelike omgewing. Die Goukourivier bied 'n wêreldklas speelplek vir waterliefhebbers met waterski, visvang en roei as gewildste aktiwiteite.

Die kusdorpe Gouritsmond en Witsand beskik oor kampeergeriewe ongeveer 5-minute weg vanaf die swemstrande. Die **Witsand Middelkamp** is amper op die strand geleë en is naby die Witsand getypoel. Die **Gouritsmond-kampeerterrein** bied weer vakansiegangers 'n ruim uitleg met gehalte staanplekke en is ook 'n klipgooi vanaf die Gouritsmond getypoel. Witsand en Gouritsmond is beide top bestemmings vir hengel met die Breederivier en Gouritsrivier wat onderskeidelik hierdie dorpe so hoof hengelgeriewe is. By die kusdorp van Jongensfontein (15km vanaf Stilbaai) beskik die kampeerterrein oor die beste seeuitsig en is letterlik op die strand geleë. Die kampeerterrein bied 18 self-sorg eenhede wat gepas is vir 'n naweekwegbreek met vriende en familie.

As bos- en bergstaproetes op jou emmerskoplys is, mag jy nie die grasgroen **Grootvadersbosch Natuurreservaat** buite Heidelberg misloop nie. Die Grootvadersbosch Natuurreservaat bevat 250 ha-inheemse bos met Wêrelderfenisstatus en bied besoekers twee dagstaproetes wat wissel tussen 10 – 15 km. By hierdie natuurreservaat kan besoekers ook lekker kamp by nege toegeruste kampeerplekke. Die Grootvadersbosch Natuurreservaat bied ook 11 ruim self-sorg eenhede, 'n swembad en vir dagbesoekers - gemaklike braai-geriewe met uitsigte oor die Langebergreeks. Cape Nature bied tans 'n 30% akkommodasie afslag aanbod aan senior burgers, 60 jaar en ouer wat deur middel van die Cape Nature telefoonlyn bespreek word. Die **Slapende Skoonheid-bergwandelroete** in Riversdal vorm deel van die groter Grootvadersbosch-area en bied stappers 'n uitdagende 9 km bergstaproete met eindpunt die piek van die Slapende Skoonheid en pragtige uitsigte oor die Langeberge. Hierdie bergstaproete is beslis die krampe en sweet werd. Permitte vir die Slapende Skoonheid-bergwandelroete is slegs aanlyn beskikbaar by www.capenature.co.za.

Die **Pauline Bohnen Natuurreservaat en die Skulpiesbaai Natuurreservaat** in Stilbaai bied ook goeie familie-vriendelike roetes van verskeie lengtes. Die **Tuin-Op-Die-Brak Fynbospark** in Stilbaai-Oos bied besoekers 'n unieke Fynbos ervaring en beskik oor sitplekke, 'n son horlosie, kwekery en fonteine. Vir besoekers met 'n liefde vir damme, visvang en fietsry, is die **Korentepoortdam Oord** 'n droombestemming – hier kan besoekers hul tot hartelus geniet met die dam as watersport mekka. Die Korentepoortdam bied swartbaarshengel, wateraktiwiteite en beskik ook oor 8 self-sorg eenhede - elk met 'n uitkyk oor die dam met die Slapende Skoonheid bergpiek as agtergrond. Die Korentepoortdam is 18 km buite Riversdal geleë en verwelkom graag ook dagbesoekers vir braai, piekniek en visvang. Hengel en Hessequa gaan hand aan hand en die kusdorpe van Witsand, Stilbaai, Jongensfontein en Gouritsmond bied wêreldklas hengel geleenthede.

Die **Garden Route Game Lodge** net buite Albertinia is 'n paradys met die GROOT 5 wat besigtig kan word met 'n wildrit. Die Garden Route Game Lodge bied ook 'n restaurant en reptielsentrum wat uitstaande fasiliteite is vir vriende en families. Die kampioen fluisterboom en pragtige tuine by **Voëlroepersfontein Gastehuis** is weer die perfekte bestemming vir paartjies om piekniek te hou.

Die Hessequa-gebied, ook bekend as The Explorer's Garden Route, is die mees bekostigbaarste vakansiebestemming binne die Tuinroete en is hoog aanbeveelbaar as 'n paasnaweek en skoolvakansie wegbreekbestemming.

W: www.explorersgardenroute.co.za I
T: 028 713 7953 I
FB: Hessequa – The Explorer's Garden Route